higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N760**(A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4

(10010444)

1 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Tussenbelegsels word gebruik op hele dele van kledingstukke, soos krae, mansjette en middellyfbande.

1.1.2 Pyltjies word in sommige patrone gebruik om die rigting van die stikwerk aan te dui.

1.1.3 EEN streep ('dash') onder die wassimbool dui 'n delikate/sagte was aan.

1.1.4 Magnete moet nie gebruik word om spelde en naalde van die werksoppervlak af op te tel nie.

1.1.5 Parslappe voorkom nie die blinkigheid wat op kledingstowwe voorkom nie.

1.1.6 Opnaaisels is 'n voorbeeld van opruiming van volligheid ('disposal of fullness').

1.1.7 Mansjette kan as 'n mansjet, 'n hempsmouboordjie of 'n Franse mouboordjie gesny word.

1.1.8 Gerief is een van die belangrikste faktore wanneer klere vir kinders gekies word.

1.1.9 Sakke op seunsklere is suiwer vir versiering.

1.1.10 Tooisels ('Trimmings') op kinderklere moet kleurvol en prakties wees. (10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN woord of 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Dit verleng die lewe van 'n kledingstuk

1.2.2 'n Vesel wat duursaam, hoogs absorberend en kreukeltraag is

1.2.3 Hulle word deur 'n skêr aangedui

1.2.4 Tweedelige sluiters ('fasteners') met beperkte houvermoë

1.2.5 'n Soort plat kraag wat hoofsaaklik op dogtersrokke en –bloese gebruik word

Kopiereg voorbehou

1.2.6 ‘n Werktuig wat gebruik word om nate af te werk

1.2.7 Een van verskeie soorte klaarvervaardigde tooisels wat beskikbaar is

1.2.8 Is ideaal om kledingstof te merk

1.2.9 ‘n Werktuig met ‘n haak aan die een kant wat gebruik word om ‘n buisstrook (‘tubing’) met die regte kant na buite om te draai

1.2.10 ‘n Tooisel wat enkelgaring, gevleg of geweef kan wees

1.2.11 Bande (‘Tapes’) wat gebruik word om nate te steun en te versterk

1.2.12 ‘n Sak wat in die vereiste vorm gesny en op die kledingstuk gestik word, byvoorbeeld aan die voorkant van ‘n damesbloes

1.2.13 Sluiters (‘Fasteners’) wat in verskeie ontwerpe en groottes beskikbaar is

1.2.14 Word gebruik om dele soos borspylnate en geronde nate te pars

1.2.15 Verskillende soorte lemme is beskikbaar vir hierdie soort snyer

(15 × 1) (15)

1.3 Kies ‘n item uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B
1.3.1	Gebruik om die middelvinger te beskerm	A els/stilet
1.3.2	Oorslag of groefnaat (‘Lapped or centred’)	B haakspelde
1.3.3	Aansmeltbaar of nie-aansmeltbaar (‘Fusible or non-fusible’)	C krytpotlode
1.3.4	Werk rou naatkante af	D ritssluiters
1.3.5	Gebruik om sigsag-, rafelbestande rande te sny	E parsmoffie (‘press mitt’)
1.3.6	Gebruik om nate en small dele van ‘n kledingstuk te stryk	F kaliko
1.3.7	Gebruik om dun akkurate merke te maak	G tandskêr (‘pinking shears’)
1.3.8	‘n Skerp werktuig gebruik om ronde gaatjies te maak	H vingerhoed
1.3.9	‘n Handskoen wat opgestop is, soos ‘n kussing	I omkapmasjien (‘overlocker’)
1.3.10	Gebruik om lae kledingstof bymekaar te hou	J tussenbelegsels
		K mouplank
		L rygnaald (‘bodkin’)

(10 × 1) (10)

1.4 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 ‘n Ekstra toelating wat in moukop- en lyfieblokke ingebou word om beweging toe te laat:

A Pasruimte (‘Ease’)
B Skering (‘Warp’)
C Stapel (‘Lay’)
D Opnaaisel

1.4.2 Dit skep borduurwerk en veelkleurige ontwerpe op huishoudelike tekstiele:

A Stokperdjiemasjien (‘Hobby machine’)
B Gerekenariseerde masjien
C Omkapmasjien (‘Serger machine’)
D Borduurmasjien

1.4.3 Die soomtoelating vir ‘n reguit soom op ‘n romp of rok:

A 2,5 – 4 cm
B 1 – 2 cm
C 3 cm
D 2,5 cm

1.4.4 Gemeet vanaf die skouernaat by die neklyn, tot by die onderkant van die band by die middellyn:

A Borspunt
B Skouer tot under die bors
C Lengte voor tot middellyf
D Skouer tot bo-buuste

1.4.5 In die snygids (‘cutting guide’) word hierdie lyn met ‘n gebroke lyn aangedui:

A Sliplyn (‘Placket line’)
B Plooisimbool
C Passimbool (‘Fitting symbol’)
D Voulyn

1.4.6 Hulle moet ná die uitsny op die kledingstof oorgedra word:

A Patroonetikette
B Merke (‘Markings’)
C Draadrigtingpyltjies (‘Grain arrows’)
D Keepmerke

1.4.7 ‘n Baie kort, egalige steek wat vir fyn soomwerk, opnaaisels, herstelwerk en inrygwerk gebruik word:

A Snyersrygsteek (‘Tailor’s tack’)
B Egalige ryging (‘Even basting’)
C Diagonale rygsteek (‘Padding stitch’)
D Voorsteek (‘Running stitch’)

1.4.8 Hierdie steek is ‘n variasie van die oorhandse steek:

A Krielsteek (‘Whip stitch’)
B Pikeersteek (‘Pick stitch’)
C Priksteek (‘Prick stitch’)
D Vangsteek (‘Catch stitch’)

Kopiereg voorbehou

1.4.9 Hierdie steek is die vinnigste om aan te bring, maar is die mins duursame:

A Glipsteek (‘Slip stitch’)
B Blinde soom
C Skuins soomsteek
D Vertikale soomsteek

1.4.10 ‘n Siersteek wat vir die werk van nate gebruik word:

A Reksteek
B Kruissteek
C Blindesteek
D Rimpelsteek (‘Shirring stitch’)

1.4.11 Dit is die proses om ‘n gegewe hoeveelheid materiaal in ‘n voorafbepaalde kleiner area in te trek:

A Opnaaisel
B Pylnaat
C Rygplooie (‘Gathers’)
D Plooie

1.4.12 ‘n Deurskynende, kraakvars sy-organdie met ‘n glans:

A Perkal (‘Percale’)
B Organza
C Rayon
D Pandjee (‘Pongee’)

1.4.13 Hierdie goedkoop effebinding-katoen (‘cotton of plain weave’) word ook gebruik om ‘n pasmodel (‘fitting shell’) te maak voordat ‘n duur kledingstof gesny word:

A Madras
B Moeselien
C Sybokhaar (‘Mohair’)
D Melton

1.4.14 ‘n Pylnaat wat lank is, wat pas (‘fits’) by die middellyf en wat spits toeloop in twee teenoorgestelde rigtings:

A Middellyfpylnaat
B Franse pylnaat
C Kontoerpylnaat
D Neklyn

Kopiereg voorbehou

1.4.15 In kommersiële patrone word die groottes vir rokke, jasse, bloese en baadjies volgens die … gekies.

A borsmaat
B middellyfmaat
C heupmaat
D bors en middel

(15 × 1) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Masjiennaalde speel ‘n belangrike rol in die vervaardiging van kledingstukke, en dit is raadsaam om die naald en garing by die korrekte materiaal te laat pas.

Gee die groottes waarin die volgende soorte naalde wat in die vervaardigingsproses gebruik word, beskikbaar is:

2.1.1 Handwerknaalde (‘Sewing needles’)

2.1.2 Leernaalde

2.1.3 Hoedemakersnaalde (‘Milliner’s needles’)

(3 × 1) (3)

2.2 Beskryf kortliks die gebruik van elk van die volgende:

2.2.1 Rygnaald (‘Bodkin’)

2.2.2 Belegsels (‘Facings’)

2.2.3 Moukop-afwerkings

2.2.4 Mansjette (‘Cuffs’)

2.2.5 Strikke

(5 × 2) (10)

2.3 ‘n Kraag is ‘n ontwerpdetail wat die neklyn afrond en die ontwerp van die kledingstuk verbeter.

Bestudeer die sketse hier onder en beskryf hoe jy die Peter Pan-kraag sou voorberei voor dit aan die neklyn geheg word.



FIGUUR 1 (6)

Kopiereg voorbehou

2.4 Belegsels (Facings') word algemeen aangebring op die meeste areas van verskillende soorte kledingstukke.

2.4.1 Watter soort belegsel is geskik vir 'n moulose rok met 'n vierkantige halslyn? (1)

2.4.2 Bestudeer die sketse van die belegsel hier onder, en bespreek die konstruksieproses van die belegsel wat in die sketse getoon word.



FIGUUR 2 (10)

2.4.3 Gee enige DRIE ander soorte belegsels wat gebruik word om die rou rande van kledingstukdele af te werk. (3)

2.4.4 Beveel DRIE gehaltestandaarde aan vir die gebruik van belegsels op kledingstukke. (6)

2.4.5 Gee enige VIER areas waar belegsels op kledingstukdele aangebring kan word. (4)

2.5 Plat krae word primêr vir dogtersdrag en damesdrag gebruik.

Noem enige DRIE ander krae wat vir damesdragontwerpe gebruik kan word. (3)

2.6 Noem die VIER naattegnieke wat hoofsaaklik op kledingstukareas gebruik word. (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 Die wegruiming van volligheid ('disposal of fullness') is 'n belangrike deel van die konstruksieproses van 'n kledingstuk.

3.1.1 Noem DRIE metodes wat gebruik word vir die wegruiming van volligheid, met die uitsluiting van pylnate. (3)

3.1.2 Noem TWEE areas op 'n kledingstuk waar pylnate aangebring kan word. (2)

3.1.3 Gee TWEE maniere waarop jy rygplooie ('gathers') in kledingstukareas/-dele kan set. (4)

3.1.4 Noem enige DRIE opnaaisels wat aan die voorkant van 'n damesbloes aangebring kan word. (3)

3.1.5 Demonstreer jou begrip van gehaltestandaarde vir pylnate, plooie en opnaaisels deur enige DRIE gehaltestandaarde te gee wat sal verseker dat die afwerking van kledingstukke van 'n professionele gehalte is. (6)

3.1.6 Ontwerp 'n damesromp en toon DRIE mesplooie op die linkervoorpaneel. Die plooie moet in die middel tussen die middelvoorlyn en die synaat geplaas word.

Teken die romp in die ANTWOORDBOEK, en gebruik slegs potlood. (5)

3.2 Die reguit middellyfband ('straight waistband') word byna altyd vir broeke en rompe gebruik.

Bestudeer die sketse hier onder en beskryf hoe jy die reguit middellyfband ('straight waistband') sal voorberei.



FIGUUR 3 (11)

3.3 3.3.1 Die ingesitte mou word gebruik vir verskillende kledingstukke by damesdrag en kinderdrag.

Bestudeer die sketse hier onder en verduidelik die konstruksiemetode wat gebruik word om die mou aan die mousgatgedeelte te bevestig.



FIGUUR 4 (8)

3.3.2 Noem enige TWEE moue gebruik kan word vir jou ontwerpe vir damesdrag. (2)

3.3.3 Gee enige EEN manier om die rou rand van 'n mousoom af te werk. (1)

3.4 Uiterste sorg moet aan die dag gelê word wanneer kinderklere gekies word.

Gee enige VYF faktore wat in ag geneem moet word wanneer klere vir kinders gekies word. (5)
[50]

VRAAG 4

‘

4.1 Die kies van die regte siereffekte, insig in die figuurtipes van kinders, en akkurate meting, sal gehalte en toepaslike standaarde verseker.

4.1.1 Watter oorwegings moet jy in gedagte hou wanneer siereffekte vir kinderklere gekies word? (6)

4.1.2 Noem enige DRIE van die figuurtipes waarvoor ‘n ontwerper van kinderklere kan ontwerp. (3)

4.2 Verduidelik hoe die volgende mates geneem moet word wanneer ‘n kind gemeet word:

4.2.1 Bors (4)

4.2.2 Heupe (3)

4.2.3 Moulengte (lank) (4)

4.3 Noem enige TWEE punte wat mens in ag sal neem wanneer kinderklere gekoop word. (2)

4.4 Daar word gesê dat vesels en tekstiele dien as die fondament vir goeie ontwerp en gehalte-afwerkings.

4.4.1 Noem die VIER natuurlike vesels wat beskikbaar is vir die vervaardiging van tekstiele.

4.4.2 Gee die oorsprong van elk van die VIER natuurlik geproduseerde vesels wat in VRAAG 4.4.1 genoem is.

(2 × 4) (8)

4.5 Noem TWEE kledingstowwe wat van elk van die volgende vesels vervaardig kan word:

4.5.1 Katoen

4.5.2 Linne

4.5.3 Sy

(3 × 2) (6)

4.6 Noem enige TWEE versorgingsinstruksies wat jy vir elk van die volgende sal oorweeg:

4.6.1 Wol

4.6.2 Linne

4.6.3 Sy

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.7 Noem enige TWEE afwerkingsprosesse wat op linne toegepas word. (2)

4.8 Verduidelik die resultate van die brandtoets (‘burning test’) wanneer dit op sy uitgevoer word. (4)

4.9 Gee enige TWEE gebruike van wol. (2)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou